



Gebeurtenisse vir die Week:

<u>Datum</u>	<u>Tyd</u>	<u>Gebeurtenis</u>
10 Julie Maandag	18h30	FBK vergadering
12 Julie Woensdag	06h00	Sani Toer begin
13 Julie Donderdag	10:00	Biduur Tuiste vir Bejaardess: Ds. Willem Strauss
15 Julie Saterdag		Sani Toer eindig
16 Julie Sondag	08:00 09:00 12:00	Gebedsgroep Erediens: Ds. Corneil du Plessiss Sotho Erediens

Prediker vandag: Ds. Willem Strauss
Tema: Die Troue Bondsgod van weleer.
Teks: Genesis 24

VERGADERINGS:

FBK vergadering

10 Julie 2017 om 18h30 in die Raadsaal

Sentrale Kerkraadsvergadering

24 Julie 2017 om 19h00 in die Raadsaal

Doopvoorbereiding :

Neem asseblief kennis dat daar van alle ouers wat 'n eersteling wil laat doop verwag word om 'n **Doopvoorbereidingkursus** by te woon, voor die doopgeleentheid. Die kursus hierdie kwartaal is op Saterdag 12 en 19 Augustus 2017 vanaf 09h00 tot 11h00. Die kostes vir die Kursus beloop R50 per paartjie. Maak asb. kontak met die Kerkkantoor om te bespreek vir die kursus en om seker te maak dat die lidmaatskap in orde is.



Bankbesonderhede

ABSA – 631142 – 210580026

Saakgelastigde: Amanda Human

Tel: 011 869 9700 Faks: 086 243 5887

amanda@albertonsuid.com

Musiekdirekteur – Rudolf Geldenhuis

071 675 1706 rudi@albertonsuid.com

LERAARS

Leier: Ds. Corneil du Plessis – 082 772 8630

corneil@albertonsuid.com

Ds. Willem Strauss – 082 779 4389

willem@albertonsuid.com

Bedieningsassistent – Rentia Human

082 454 8033 rentia@albertonsuid.com

09 Julie 2017

Hervormer Maarten Luther

Martin Luther is op 10 November 1483 in Eisleben, Duitsland gebore. Sy pa, Hans, was 'n mynwerker in Mansfeld. Dit het meegebring dat Luther as deel van die werkersklas moeilik grootgeword het. Armoede en harde werk was deel van sy bestaan. In 1497 het sy pa hom na die Domschule in Magdeburg gestuur waar Luther vir die eerste keer met 'n volledige Bybel in aanraking gekom het. Hy het later gesê dat hierdie gebeurtenis 'n onuitwisbare indruk op hom gemaak het.

Luther het sy aanvanklike reg studies in April 1501 onder die naam Martinus Luther von Mansfeld aan die Universiteit van Erfurt begin. Hy was 'n briljante student wat sy BA-graad in net twee jaar verwerf het. In 1505 is hy tydens 'n donderstorm byna deur weerlig raak geslaan. Hy het hom op die heilige Anna beroep en belowe om 'n monnik te word as die Here hom sou spaar. Op 9 Maart 1509 het hy sy graad in Teologie ontvang en net drie jaar later, op 18 Oktober 1512, het die Universiteit van Wittenberg 'n doktorsgraad in Teologie aan hom toegeken.

Hierdie akademiese prestasie was merkwaardig, veral omdat Luther dit te midde van 'n ernstige innerlike worsteling behaal het. In sy eie woorde: "Ek was 20 jaar lank 'n monnik en het myself geteister met gebede, vas, wake en koue tot so 'n mate dat ek amper van die koue gesterf het ...

Vervolg op laaste bladsy ...

Reeks vir die derde kwartaal: Vreugdevol Vry

Ons is baie opgewonde oor hierdie nuwe reeks. Dit is 'n reeks om die 500 jarige viering van ons Gereformeerde Erfenis te herdenk en behandel die pilare van ons geformeerdeheid. Die reeks bestaan uit preke, werkboeke vir kleingroepe en –leiers. Daar is ook 'n DVD en werksmateriaal vir kleiner kinders en tienders. Later meer hieroor.

Sani pas

Van 12 tot 15 Julie gaan Icon die Sani pas uitstap. Hopelik kry ons die jaar sneeu! Volwassenes is hierdie keer ook welkom. Koste beloop R750 per tiener en R1500 per volwassene. Ons het plek vir nog 4 mense. Kontak Rentia vir verdere inligting: 082 454 8033 of rentia@albertonsuid.com.

Gholfdag ICON Jeug Fondsinsameling vir Weesgerus

ICON Weesgerus fondsinsameling: Ons gaan 'n gholfdag hou!

Wanneer? 8 Augustus 2017

Waar? Germiston Gholfklub

Ons vra vir vierballe, borgskappe en donasies (vorms in die voorportaal beskikbaar). Ons benodig ook asb pryse (in stelle van 2). Sien ons vorms vir idees in die voorportaal. Kontak Rentia vir verdere inligting: 082 454 8033 of rentia@albertonsuid.com.



**“WAAR DIE GEES VAN DIE HERE IS, IS DAAR
VRYHEID”
(2 KOR. 3:17)**

Verjaarsdae

09 Julie Sondag	Christo du Toit, Herman Germishuys, Leon Paulsen, Regardt van der Walt.
10 Julie Maandag	Hennie Aucamp, Nelis du Plessis, Willie Jacobs, Megan Simmonds.
11 Julie Dinsdag	Yvonne Combrinck, Dillan Kühn, Aiden van der Merwe, Petrus van Straaten, Nicole Viljoen.
12 Julie Woensdag	Dolf Dercksen, Bernard Diederiks, Marlize du Plessis, Johann Hattingh, Shjerey Koekemoer, Bianca Louw, Koekie Maree, Ina Moore, Petrus Pienaar, Etienne Posthumus, Neels van Schalkwyk.
13 Julie Donderdag	Geen
14 Julie Vrydag	Roelof Berg, Jan Coetzee, Annike le Roux, Peet Scheppel, Monique Venter, Barend Weideman, Kaylin Wright.
15 Julie Saterdag	Theuns de Bruin, Ruan du Plessis, Stefan Kapp, Toska Landman, Hans Serfontein, Annalize van den Bergh, Carine van der Ryst, Brian van Niekerk.

“Ek bid dat Hy deur sy Gees uit die rykdom van sy heerlijkheid aan julle die krag sal gee om innerlik sterk te word.” - Ef. 3:16

Lief & Leed

Susan van Zyl 011 869 1787, Chris Botha 083 633 3188, Susan Vorster, Carin Mijne 072 202 7588.

Chris Stadler is Vrydag geopereer vir 'n aneurisme.

Tannie Joey Otto was nou 'n geruime tyd in die hospitaal vir toetse maar dit lyk of dit begin beter gaan.

Phyllis Bothma was ook die week in die hospitaal vir 'n hele battery van toetse waar die uitslae nog inkom. Bid daarvoor asb.

Maak 'n bydrae of doen 'n betaling met SnapScan!



09 Julie 2017

N G Kerk Klipriviersberg

Onthou asb. om die pak-'n-sak kospakkies voor die 10de van elke maand by die kerkkantoor af te gee. Ons help hulle om 30 hulpbehoewende gesinne in die gemeente te ondersteun. 'n Inhoudslysie is by die deure of by die kerkkantoor of op die webwerf beskikbaar. Elke bydrae word opreg waardeer!

Vrywilligers om te dien op die kerk se Diensverhoudings Kommissie(DVK)

Ons wil graag die Diensverhoudings Kommissie(DVK) uitbrei en benodig drie vrywilligers om ons by te staan wat kennis het van arbeidsverhoudinge/personeel aangeleenthede. Indien jy sou belangstel skakel Niko Louw 082 443 8386 of e pos nikolouw@mweb.co.za.

Gemeente-uitreik (6-8 Oktober)

Gemeentelede word uitgenooi om die naweek van 6-8 Oktober saam met die ICON uitreikspan te kom deurbring te Weesgerus Vakansie-oord. Ons gaan hulle ondersteun en deelneem aan hulle program met die vakansiegangers. Kontak asb. vir Christo Otto by 082 903 8445 om jou chalet of kampeerplek te bespreek.

Hervormer Maarten Luther

Wat anders was dit as 'n soeke na die ware God?" Hoe meer Luther egter na die ware God gesoek het, hoe minder kon hy Hom vind. Dit het Luther laat verklaar dat hy God nie lief het nie, maar eerder haat. Min het hy geweet dat die God na wie hy gesoek het, slegs 'n karikatuur was van die ware God wat Hom in Jesus Christus aan die wêreld kom bekend maak het.

Luther het die ware en regverdige God ontdek toe hy Romeine 1:16-17 bestudeer het. Hy het besef dat goeie dade 'n mens nie kan red nie, maar dat God mense uit genade red enkel en alleen omdat hulle glo.

In die herfs van 1520 het Luther drie boeke geskryf wat duidelik aangedui het dat daar nie meer omdraaikans was nie. 'n *Ope brief aan die Christelike adel van die Duitse volk* het eerste verskyn. Daarin het Luther klem gelê op die priesterskap van elke gelowige. Dit is gevolg deur *Die Babiloniese gevangenskap van die kerk* waarin Luther die sewe sakramente van die kerk bevraagteken het en beklemtoon het dat die Bybel net twee sakramente, die doop en nagmaal, ken. Die derde boek was *Die Vryheid van 'n Christen* waarin Luther beklemtoon het dat die Bybel leer dat mense uit genade en op grond van geloof alleen gered word.

Ná die Ryksdag van Worms het die kerk alles in sy vermoë gedoen om Luther as misdadiger te brandmerk. Frederik van Sakse het hom egter oor Luther ontferm en vir hom skuling gegee in 'n kasteel in Wartburg. Hier het Luther al sy tyd en energie gebruik om die Nuwe Testament in Duits te vertaal sodat almal die Bybel kon lees.